



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE KANTOOR VAN DIE BURGEMEESTER OP VRYDAG, 23 NOVEMBER 2018 OM 11:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdl O M Semele
Raadsheer R F van der Westhuizen
Raadsdame M van Zyl

Beampes:

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Senior Bestuurder: Bou-omgewing, mnr A M Zaayman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek raadsheer R F van der Westhuizen om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verskoning word aangeteken vir die Munispale Bestuurder, mnr J J Scholtz en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 18 OKTOBER 2018**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 18 Oktober 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig daaraan dat die Direkteur: Beskermingsdienste as teenwoordig aangeteken word.

**4.3 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP
15 NOVEMBER 2018**

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5./...

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 15 NOVEMBER 2018

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 15 NOVEMBER 2018

6.1.1 AANVAARDING VAN DIE WATERDIENSTE OUDITVERSLAG VIR DIE FINANSIËLE JAAR 2017/2018 (7/1/2/2-4)

'n Waterdienste Owerheid is verantwoordelik om jaarliks na afloop van die finansiële jaar 'n ouditverslag op te stel. Die verslag stel die Departement van Waterwese en Sanitasie in staat om die implementering van die Waterdienste-onwikkelingsplan te monitor.

Die ouditverslag is op 15 November 2018 aan die Tegnieuse Dienste Portefeuljekomitee voorgelê en is versoek om geleentheid aan raadslede te gee om die verslag te bestudeer en daarop kommentaar te lewer, indien enige.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat geen kommentaar op die Waterdienste Ouditverslag ontvang is nie;
- (b) Dat die Waterdienste Ouditverslag vir die 2017/2018 finansiële jaar deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word.

6.2 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 18 OKTOBER 2018

6.2.1 ITEM 7.14: NUWE STRAATNAME VIR PHOLA PARK FASE 3 & 4, MALMESBURY (16/5/6)

'n Lys van voorgestelde straatname soos ooreengekom deur die verkose komitee in Phola Park en llinge Lethu vir die Phola Park Fase 3 en 4 is aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 18 Oktober 2018 voorgelê vir oorweging.

Die item is terugverwys, maar daar is nie redes aangevoer vir die aksie nie, en word gevolglik

BESLUIT

- (a) Dat die verslag nie in totaal verwerp word nie, maar dat slegs die onderstaande twee straatname nie aanvaar word nie – niteenstande die verduideliking wat deur die komitee voorgelê is, naamlik:

6.2.1/(a)...

- (i) Barney Pityana Straat
- (ii) Penxa Straat;

- (b) Dat kennis geneem word dat die rede vir voormelde is dat die voorgestelde straatname teenstrydig is met die goedgekeurde riglyne deurdat dit 'n verbintenis het met persone wat nog lewe.

7. NUWE SAKE

7.1 MUNISIPALE BEHUISINGSPPYLYN INGEVOLGE DIE RAAD SE MENSLIKE NEDERSETTINGSPLAN (17/4/2/B)

Die aangehegte behuisingspylyn gee gestalte aan die Behuisingsstrategie van Swartland Munisipaliteit. Die behuisingspylyn word deur die provinsiale Departement van Menslike Nedersettings gebruik in die opstel van 'n besigheidsplan om vir nasionale befondsing aansoek te doen.

Die toekenning vanaf die Departement van Menslike Nedersettings vir die meerjarige begroting is as volg:

- 2018/19 : R41 220 000
- 2019/20 : R34 480 000
- 2020/21 : R36 800 000

Die voorsitter versoek, met verwysing na die behuisingspylyn, dat die kapitaalbegroting by wyse van 'n aansuiweringsbegroting aangepas word eers wanneer befondsing deur die Departement Menslike Nedersettings bevestig word ten einde 100% spandering van die kapitaalbegroting te verseker.

Dit is verder belangrik om dit duidelik te maak dat addisionele befondsing verkry is vanaf die Departement van Menslike Nedersettings om 'n aanvang te neem met behuisingsprojekte vir Kalbaskraal en Riebeek Kasteel en dat geen behuisingsprojek daardeur gekompromitteer is nie.

BESLUIT

- (a) Dat die aangepaste behuisingspylyn, soos voorgelê, deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word;
- (b) Dat die voorgestelde behuisingspylyn as 'n beplanningsdokument dien en onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse, geskikte grond en grootmaatdienste binne die onderskeie dorpe en indien voldoende fondse nie beskikbaar is nie, projekte moontlik aangeskuif kan word na die volgende finansiële jare;
- (c) Dat kennis geneem word dat Riebeek Kasteel en Riebeek-Wes geïdentifiseer is as dorpe met 'n hoë groeipotensiaal;
- (d) Dat onderhandelinge tans in proses is met die "*Housing Development Agency*" rondom die Chatsworth Behuisingsprojek Fase 2 en indien suksesvol daar gepoog sal word om die projek voor einde Junie 2020 af te handel;
- (e) Dat kennis geneem word dat daar gedurende November 2018 'n aanvang geneem sal word met die bou van die huise in die Riebeek-Wes Behuisingsprojek;
- (f) Dat kennis geneem word dat die befondsing van die projekte op die behuisingspylyn gemerk met "*" addisioneel is tot die gewysigde DORA allokasie;
- (g) Dat 'n inligtingstuk ten opsigte van die De Hoop Behuisingsprojek as 'n katalisprojek, opgestel en versprei word met spesifieke verwysing na die aanvang van die kapitaalprojekte met betrekking tot water- en riool/...

7.1/...

infrastruktuurdienste ter voorbereiding van die behuisingsprojek, sowel as tydlyne vir die sonering-, omgewing- en beplanningsprosesse.

7.2 HERSIENING VAN BESTAANDE BELEIDE IN TERME VAN DIE MENSLIKE HULPBRONNE PLAN (4/2/B)

'n Beleidsdokument is nie staties nie en moet op 'n gereelde basis hersien word. Die hersiening van personeelbeleide word ingevolge die Menslike Hulpbronne Plan bestuur en is wysigings aan die onderstaande beleide aan vakbonde voorgehou vir oorweging.

Beide Imatu en Samwu het op 20 September 2018 goedkeuring verleen vir die implementering van die gewysigde beleide.

BESLUIT

- (a) Dat die volgende gewysigde beleide (slegs beskikbaar in Engels), soos met die sakelys gesirkuleer, deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur word vir implementering met ingang van 1 Desember 2018:
- (i) *Alcohol and Drug Policy and Procedure*
 - (ii) *Alcohol and Drug Dependency: Referral for Treatment Policy*
 - (iii) *Disability Policy*
 - (iv) *Education, Training and Development Policy*
 - (v) *Employee Assistance Policy*
 - (vi) *Gift Policy*
 - (vii) *Private Work Policy*
 - (viii) *Sexual Harassment Policy*
 - (ix) *Smoking Policy*
- (b) Dat kennis geneem word dat die delegasies voortspruitend uit die gewysigde beleide aan die Raad gedurende Mei 2019 voorgelê sal word as deel van die Delegasieregister.

7.3 AANSTELLING VAN DISSIPLINÊRE KOMITEELEDE (5/15/1/5)

Die doelstelling van die Dissiplinêre Raad is om as 'n onafhanklike adviserende liggaam te dien om ingevolge die *Financial Misconduct Regulations* die Raad by te staan in ondersoek na finansiële wangedrag.

Die termyn van komiteelede moet nie tegelykertyd beëindig word nie om toe te sien dat kennis en vaardighede oorgedra word en om kontinuïteit in die komitee te verseker.

BESLUIT

- (a) Dat, alhoewel die ampstermyn van die voorsitter van die Dissiplinêre Raad, mnr A M Theron, eers op 31 Julie 2020 verstryk, dit aanbeveel dat die voorsitter op die Prestasie en Risiko Ouditkomitee moet dien om ingelig te wees aangaande beleidsveranderinge in die munisipale omgewing;
- (b) Dat paragraaf 4(3) van die *Financial Misconduct Regulations* bepaal dat die ampstermyn van lede van die Dissiplinêre Raad nie 'n termyn van drie jaar mag oorskry nie en dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, met in ag neming van die kommentaar in paragraaf 3 van die verslag, die volgende goedkeuring verleen ten einde kontinuïteit in die bestaan van die Dissiplinêre Raad te verseker:
- (i) die aanstelling van mnr C B de Jager as voorsitter van die Dissiplinêre Raad met ingang van 1 Desember 2018 tot 30 November 2021;
 - (ii) die verlenging van die huidige ampstermyn van die Bestuurder: Interne Oudit, mnr P le Roux, tot 31 Mei 2019;

7.3/...

- (c) Dat voormelde lede 'n uitstekende diens gelewer het in die totstandkoming van die Dissiplinêre Raad gedurende die vorige ampstermyn en dat versoek word dat kennis en vaardighede na nuwe lede oorgedra word;
- (d) Dat vergoeding betaalbaar aan die eksterne lid van die Dissiplinêre Raad gelykstaande sal wees aan die sittingsfooi vir bywoning van vergaderings van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee.

7.4 **VOORGENOME GRONDRUILTRANSAKSIE: SWARTLAND MUNISIPALITEIT/ NEWPORT PROPERTY GROUP HANDELENDE NAMENS SCHOONSPRUIT DEVELOPMENT (PTY) LTD EN DE HOOP MALMESBURY (PTY) LTD (12/2/1-8/10)**

Die voorgename ruiltransaksie met *New Property Group* is op 26 Julie 2018 deur die Raad goedgekeur en geadverteer vir publieke kommentaar/besware.

Die Raad het magtiging aan die Munisipale Bestuurder verleen om, in oorleg met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, met die publieke kommentare/besware te handel.

Die verslag tot die sakelys bevat die twee besware, synde ontvang vanaf mnr Herzil Sedeman en *Swartland Emerging Farmer Forum*, en word gevolglik

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die besware, bekommernisse en/of teenvoorstelle wat ontvang is betreffende die voorgename ruiltransaksie met *Newport Property Group*;
- (b) Dat die beswaarmakers meegedeel word soos volg:
 - Mnr Herzil Sedeman –
 - (i) daar van sy kommentaar op die voorgename grondruil kennis geneem word, maar dit nie as genoegsaam gegrond geag word om die transaksie te stuit nie;
 - (ii) die gedeelte van erf 353, Abbotsdale wat bekom staan te word, strategies geoormerk is om in die toekoms ontwikkel te word ter uitbreiding van die Highlands stortingsterrein;
 - (iii) grondhervorming (ingesluit die aankoop van grond vir opkomende boere) nie 'n grondwetlike funksie van die Munisipaliteit is nie, maar wel dié van die Departement Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, en dit hom (en die persone wat hy verteenwoordig) vry staan om met gemelde departement en/of met die eienaar/koper van die restantgedeelte van erf 353 Abbotsdale te onderhandel rakende die beskikbaarstelling van grond vir die veeboere van Abbotsdale;
 - *Swartland Emerging Farmer Forum* –
 - (i) daar kennis geneem word van die kommentaar in verband met die voorgename ruiltransaksie, maar dit nie as 'n grondige beswaar of teenvoorstel geag word om die ruiltransaksie te stuit nie;
 - (ii) die Munisipaliteit nie oor geskikte grond beskik om aan opkomende boere te verhuur nie;
 - (iii) alhoewel grondhervorming die grondwetlike mandaat van die Departement Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling is, die Munisipaliteit poog om die aankoop van geskikte grond deur lg. van privateienaars te probeer fasiliteer, deurdat potensieel geskikte eiendomme geïdentifiseer en aan die Departement verskaf is in 'n poging om die aankoop en hervestiging van die opkomende boere te Malmesbury te bewerkstellig.

7.5/...

7.5 AANGAAN VAN BEWARINGSGEBIED BESTUURSOORENKOMS: WES-KAAP NATUURBEWARINGSRAAD (17/11/B, 17/9/2/2-2)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee is bewus van die biodiversiteit afsetgebiede wat geïdentifiseer is as gevolg van die ontwikkeling van die Chatsworth Sportgronde op erf 946, Chatsworth (grootte 7488 m²) teen 'n ratio van 30:1, m.a.w. vir elke 1 ha moet 30 ha bewaar moet word.

Ten einde die bewaringsgebiede af te kondig moet bestuursoorenkoms te aangegaan word ingevolge waarvan bestuursplanne opgestel sal word wat verdere verpligtinge op die onderskeie partye sal oplê.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die inhoud van die aangehegte *Protected Area Management Agreement* ten aansien van die Darling Munisipale Natuurresewaat, asook die verpligtinge wat daaruit voortspruit, en dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste goedkeuring verleen word om gemelde ooreenkoms (met aanpassings soos aangetoon) namens die Raad te onderteken.

7.6 OOREENKOMS VIR DIE HUUR VAN KANTOORAKKOMMODASIE TE MALMESBURY (12/1/2-8/5; K1/2-vol 3)

Die Munisipaliteit huur 'n gedeelte van die sogenaamde Peps-gebou (±600 m² groot) as kantoorakkommodasie vanaf Swartland Handelshuis Beleggings Bpk. Die huurooreenkoms verstryk op 30 Junie 2019.

Die huurooreenkoms bepaal dat die huurder voor 31 Desember 2018 sy opsie om die ooreenkoms te hernieu op skrif moet uitoefen. Dit is onafwendbaar dat die kontraktuele huuropsie uitgeoefen moet word, aangesien die behoefte aan kantoorakkommodasie steeds bestaan en die Munisipaliteit nie self in hierdie behoefte kan voorsien nie.

Die voorsitter noem dat, gegewe die kostes daaraan verbonde om die munisipale kantore vir gestermdede persone toeganklik te maak, asook die jaarlikse eskalاسie in uitgawes om kantoorakkommodasie in te huur, ondersoek ingestel moet word om die munisipale hoofkantoor te vergroot – al beteken dit dat van die ander munisipale eiendomme verkoop moet word om nie die belastingbetaler te belas nie.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die huur van die onderstaande kantoorakkommodasie (ingesluit twee parkeerruimtes onder die Checkers-gebou) vir 'n termyn van twee jaar, met ingang vanaf 1 Julie 2019, ten bedrae soos volg (BTW uitgesluit):

	Peps-gebou
Jaar 1 (01/07/2019 – 30/06/2020)	R50 555.77 per maand
Jaar 2 (01/07/2020 – 30/06/2021)	R54 094.67 per maand

- (b) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om die addendum tot die betrokke huurooreenkoms te onderteken;
- (c) Dat daar in die toepaslike bedryfsposte voorsiening gemaak sal word vir die huurgeld betaalbaar soos voormeld, asook vir die verpligtinge in terme van klousule 6.2 van die ooreenkoms met Swartland Handelshuis Beleggings Bpk.

7.7 TENDER L01.18.19: VERVREEMDING VAN ERF 1652, CHATSWORTH (12/2/B)

Na goedkeuring deur die Raad in 2017 om die kerkperseel, erf 1652, Chatsworth te vervreem, is daar by twee geleenthede op tender uitgegaan. Daar kon egter nie daarin geslaag word om 'n suksesvolle koper te kry nie.

7.7/...

Met die laaste poging is daar wel 'n tender ontvang vanaf die *Chatsworth Assembly of God* (NPO no. 077-905). Die tenderaar het egter nie tydens die eerste rondte van evaluering die minimum punt van 70%, gebaseer op voorafbepaalde kriteria, behaal nie.

Die voorsitter noem dat toegesien moet word dat eiendomsbelasting gehef word op kerkpersele wat nog nie bebou is nie.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat Tender L01.18.19 vir die Verkoop van Erf 1652, Chatsworth weer eens nie toegeken kon word nie;
- (b) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste goedkeuring verleen word om tegelegenertyd weer tenders in te win.

7.8 HUUR VAN SPORTGERIEWE TE MALMESBURY (17/9/2/R)

Die Raad verhuur 'n spasie (groot ± 50 m²) onder die Wesbank Gemeenskapsaal te Malmesbury aan die Omega Pigeon Racing Club.
Die huurooreenkoms verstryk op 30 November 2018.

BESLUIT

- (a) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met die Omega Pigeon Racing Club aangegaan word vir die huur van spasie (groot ± 50 m²) te Wesbank Gemeenskapsaal, Malmesbury, m.i.v 1 Desember 2018;
- (b) Dat die huurtermyn nie 'n periode van twaalf (12) maande oorskrei nie wat jaarliks hernu kan word;
- (c) Dat huurgeld van R120,00 per jaar, plus BTW, gehef word.

7.9 VERHUUR VAN MUNISIPALE EIENDOM OP RIEBEEK KASTEEL (12/1/3/1-11/1)

Die Raad verhuur 'n klein buitegebou geleë op gedeelte van erf 147, Riebeek Kasteel aan Riebeek Cellars op 'n jaar tot jaar basis vir doeleindes van die stoor en koelhou van hul wyne.

Die huurooreenkoms verstryk op 30 November 2018.

BESLUIT

- (a) Dat die buitegebou geleë op 'n gedeelte van erf 147, Riebeek Kasteel uit-die-hand-uit vir 'n verdere termyn van 12 maande aan Riebeek Cellars verhuur word vir doeleindes van stoor van wyn, met ingang vanaf 1 Desember 2018;
- (b) Dat die huurgeld verhoog word met 6% na R228.30, plus BTW, per maand;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.10 EIENDOM SERWITUUT ERF 10432, MALMESBURY (16/3/3/4)

Die konstruksie van die grootmaat rioolpyplyn het 'n aanvang geneem en sal die gebiede van Saamstaan, Ilinge Lethu, Phola Park en die toekomstige De Hoop-ontwikkeling van riooldienste voorsien.

Die beplande roete loop oor 'n afstand van 3.7 km. Ten einde die optimale roete te volg, met die oog op toekomstige kapitaaluitleg en onderhoudskostes, is dit onafwendbaar dat die rioolpyplyn oor privaateiendom in die industriële gebied loop.

'n Serwituut moet dus geregistreer word om die infrastruktuur te beskerm en te onderhou en het onderhandelinge reeds in hierdie verband met die eienaar van die privaateiendom plaasgevind.

7.10/...

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die grootmaat rioolpyplyn wat oor erf 10432, Malmesbury geïnstalleer sal word en dat die pypleiding deur die registrasie van 'n serwituut beskerm sal word;
- (b) Dat die geskatte waardasie op die beperking van grondgebruik, soos bepaal deur die Munisipale Waardeerder, ten bedrae van R104 000.00 aanvaar word;
- (c) Dat goedkeuring verleen word vir die betaling van die bedrag van R104 000.00 aan mnr J du Plessis vir die beperking van grondgebruik wat deur die serwituut veroorsaak word;
- (d) Dat die uitgawe teen posnommer 9/111-4-749: Grootmaat Riool: De Hoop Behuisingprojek (CRR) verreken word.

7.11 UITSTAANDE DEBITEURE: OKTOBER 2018 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Oktober 2018.

7.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: OKTOBER 2018 (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag insake die vordering met uitstaande versekeringseise tot en met 31 Oktober 2018.

7.13 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BRAND BY SWARTLAND HOSPITAAL(17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot 'n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir 'n periode van drie maande van krag, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word. Die Direkteur: Beskermingsdienste bevestig dat hierdie verklaring die laaste een behoort te wees.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot 'n plaaslike ramp verleng vanaf 1 Desember 2018 tot 31 Desember 2018;
- (b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;
- (c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.14 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN CASE TLB, CK 29892 (8/2/2/1)

Die voertuig, CK 29892, 'n Case TLB word gebruik vir onderhoudswerk in Riebeek Kasteel, Riebeek-Wes en Ongegund. Dit ratkas het onklaar geraak en is *Northmec* genader om die skade te ondersoek en 'n verslag en kwotasie voor te berei.

7.14/...

Die uitslag van die ondersoek deur *Northmec* word volledig in die verslag toegelig en word aanbeveel dat, met die oog op die verwagte oorblywende dienstermyn van die voertuig, die ratkas deur 'n opgeknapte (*reconditioned*) ratkas vervang moet word.

BESLUIT

- (a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met die aanstelling van *Northmec* vir die vervanging van die ratkas van die Case TLB, CK 29892, op grond daarvan dat *Northmec* 'n gemagtigde agent is en die omvang van die werk wat uitgevoer is om die oorsaak van die gebreke te bepaal;
- (b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
 - (i) die omvang van die werk verrig deur *Northmec* ten einde die verslag en kwotasie voor te berei vir die herstelwerk en die feit dat *Northmec* 'n gemagtigde Suid-Afrikaanse agent is, maak dit onprakties om die voorgeskrewe verkrygingsprosedures te volg;
- (c) Dat kennis geneem word dat die uitgawe van R340 400.00 (BTW ingesluit), soos ontvang met die kwotasie, teen posnommer 9/210-1253-557 verreken is;
- (d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 **AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN DIE DRUKVERMINDERINGSKLEP BY WESBANK RESERVOIR (8/2/2/1)**

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat die infrastruktuur van die Munisipaliteit voortdurend deurloop onder vandalisme. 'n Ernstige geval het die afgelope tyd by die Wesbank Reservoir plaasgevind waar vandale nie slegs die siviele strukture beskadig het nie, maar ook integrale parte van die drukvermindingsklep verwyder het.

Daar is as noodmaatreël besluit om van die kleppe stroomaf in die waterpypeleiding toe te maak om skade aan die infrastruktuur te voorkom, met gepaardgaande verminderde invloed na die Wesbank Reservoir. Die invloed kon egter nie byhou by die gebruik uit die reservoir nie, en dringende herstelwerk is benodig.

BESLUIT

- (a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met die herstel van die drukvermindingsklep deur *MacSteel* vir die bedrag van R35 462.78 (BTW ingesluit);
- (b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
 - (i) die klep sou vir 'n langtermyn buite werking gelaat word indien die voorgeskrewe proses gevolg is;
 - (ii) voormelde sou lei tot onvermydelike skade aan waterpype verder stroomaf en langdurige onderbrekings in watervoorsiening aan verbruikers;
 - (iii) die herstelwerk is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R35 462.78 (BTW uitgesluit) verreken word teen mSCOA posnommer: 9/249-679-259;
- (d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.16 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: NOOD HERSTELWERK AAN MINI-SUBSTASIE (8/2/2/1)

Die minisubstasie wat elektrisiteit voorsien aan Darling Spar en omliggende omgewing het op Maandag, 29 Oktober 2018 om 18:29 onklaar geraak wat 'n totale elektrisiteitsonderbreking veroorsaak het.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid met die verkryging en aanvaarding van slegs een kwotasie vanaf *Power Transformers* ten bedrae van R118 450.00 (BTW uitgesluit) ten einde 'n noodsituasie af te weer en dat die dienooreenkomstige goedkeuring van die waarnemende Munisipale Bestuurder gekondoneer word;
- (b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
 - (i) 'n noodgeval het ontstaan weens die defek in die hoëspanningskern van die transformator by die Darling Spar-minisubstasie wat gelei het tot 'n elektrisiteitsonderbreking in die area. Die onmiddellike vervanging van die komponent was noodsaaklik om die noodsituasie af te weer en om normale elektrisiteitsvoorsiening te herstel. As gevolg van die dringendheid van herstelwerk is 'n kwotasie verkry vanaf 'n betroubare vervaardiger, *Power Transformers*, wat bereid was om die komponent onmiddellik af te lewer. Die kwotasie word as regverdig en billik beskou en waarde vir geld is gekry;
- (c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R118 450.00 (BTW uitgesluit) verreken word teen posnommer: 9/253-743-3174 (netwerk-onderhoud);
- (d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.17 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE (4/8/3)

Die Munisipale Bestuurder moet by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aansoek doen om verlof te neem. 'n Skedule van die verlofdae van die bestuurspan is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae goedgekeur word, naamlik:
 - 18 Desember 2018 tot 10 Januarie 2019 (13 dae)
- (b) Dat kennis geneem word dat die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste vanaf 18 Desember 2018 tot 10 Januarie 2019 as Munisipale Bestuurder sal waarneem (uitgesluit 27 en 28 Desember 2018, waartydens die Direkteur: Beskermingsdienste sal waarneem), en indien, om welke rede ookal die bogenoemde direkteure nie beskikbaar is nie, die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste sal waarneem.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**